RUIMTEWAARNEMING (B)

Graad 4

A DOEL

Om die Penkop en Drawwertjie:

1. Die wonder van die skepping te laat ervaar.
2. Van jongs af die diepte en omvang van die hemelruim te laat waarneem.

B VEREISTES

Die Penkop en Drawwertjie moet:

1. Kennis maak met die planete en mane van ons sonnestelsel.
2. Kennis neem van die volgorde van die planete vanaf die son.
3. Die maan en planete deur ŉ teleskoop of verkyker waarneem en uitken.
4. Weet hoekom die maan soms vol en soms donker is.
5. ŉ Siklus van die maan vir minstens een maand op ŉ almanak aanteken. Die offisier en kinders kan hierdie inligting daagliks in die koerant kry.
6. Deur middel van ŉ skets kan verduidelik hoe sons- of maansverduistering plaasvind.
7. ŉ Model bou van die planete en die aarde om die verhouding tot mekaar en die grootte van die verskillende planete uit te beeld. Maak hierdie ŉ spanprojek.

C AANBIEDING

1. ŉ Planetarium besoek of ŉ kundige persoon gebruik.
2. Deeglike voorbereiding moet gedoen word vir hierdie spesialisasie, aangesien kinders baie vrae vra oor die onderwerp.
3. Maak seker dat ŉ planetarium, ŉ teleskoop, ŉ kundige persoon en voldoende inligting wel beskikbaar is voor die spesialisasie aangepak word.
4. Die onderwerp leen hom goed tot teorie sowel as prakties wat hand aan hand loop.
5. Vir die model beveel ons ŉ basis van 1 vierkante meter aan. Kleiballetjies wat die planete voorstel moet dan in dieselfde verhouding met mekaar, as die werklike planete gemaak word. Die verskillende planete se bane word op die basisblad geteken. Vele interessante inligting kan tydens die bou van die model aan die spanlede meegedeel word.